



Kraggakamma Huisgeloof vir kleingroepe, families en stiltetyd (26-30 Julie 2021)

Personalialia

Vertel mekaar van 'n treffende masker wat jy in inperkingstyd gesien het of is daar dalk 'n lekker masker storie om te vertel?

Gebed, Lof en Aanbidding

Gee vir elkeen geleentheid om te sê waarvoor julle vir hom/haar kan bid. Bid saam.

Bid vir Toit en Odette Wessels. Hulle trek hierdie week.

Dank die Here vir die heerlike reën wat geval het.

Bid ook spesiaal vir die skole wat begin het.

Gespreksvrae:

SKRIFLESING: 2 Kor 13:5-13

TEMA: Ons is ontmasker?

1. Wat was jou reaksie toe jy die verwoesting in Kwazulu-Natal en Gauteng sien? As jy die land regeer het, hoe sou jy die situasie hanteer het?
2. Stem jy saam dat ons almal onsigbare maskers dra. Waarom doen ons dit?
3. Wat beteken dit vir jou dat God alles van jou weet?
4. In 2 Kor 13:5 lees ons in die Boodskap: “⁵Nou wil ek ernstig met julle praat: gaan kyk 'n slag deeglik na julle eie lewe. Glo julle nog? Is Christus regtig in julle?”
En in vers 6 word ons opgeroep: “⁶plaas jul eie geloof onder die vergrootglas”
Wat sien jy as jy jou eie masker afhaal en jou lewe onder die vergrootglas plaas? Wil jy iets of iemand anders sien?
5. In verse 9 & 11 word ons opgeroep tot geestelike volwassenheid. Wat beteken geestelike volwassenheid, veral volgens vers 11?
6. Ons lees in Spreuke 27:6 die volgende waarheid oor teregwysing: “Op 'n vriend wat jou seermaak, kan jy reken; iemand wat jou haat, is oordadig met sy soene. Gesels daaroor.”
7. Die Britte was in 2018 in 'n wêreldwye peiling die land waarin die meeste mense die eensaamste in die wêreld gevoel het. Verrassend was Suid-Afrika die agste eensaamste land.
Waarom, dink jy, is dit so en wat dink jy kan ons, veral in Covid tyd, doen dat mense nie so eensaam voel nie.

Uitsending

Wat het jy in die gedeelte geleer oor 'n maskerlose lewe? Gaan leef so!

Info blad

Alle aankondigings verskyn op die Kommunikamma, wat ook op ons webblad beskikbaar is. Ons vestig julle aandag op die volgende belangrike sake:

Dinsdag 27 Julie

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds meer as R226 400 gebruik om kos aan te koop. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Willie en Gaynor Swanepoel (Abeliasingel 23) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

STAP OF DRAF VIR HOOP

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) bied met dankbaarheid die tweede Virtuele Draf/Stap/Fietsry vir Hoop aan op DV 21 en 22 Augustus 2021. Elke deelnemer se inskrywingsgeld van R100 is 'n bydrae tot ons 2 Miljoen Bybels projek. Daarmee word elke deelnemer 'n saaiër van hoop. Individue kan inskryf deur te registreer en elektronies te betaal op die inskrywingsplatform. Toegang tot die platform word verkry deur gebruik te maak van een van die volgende skakels. Vanweë die effek van Covid-19 en die huidige onrus in die land, was ons genoodsaak om al die fisiese stap/draf/fietsry byeenkomste uit te stel. Ons hoop om dit by 'n ander geleentheid wel te kan aanbied. Die virtuele geleentheid gaan egter volstoom voort. Skryf asseblief in.

Webblad: <https://www.modernathlete.co.za/event/virtual-run-cycle-for-hope/>

Facebook: <https://fb.me/e/4j1OK1ohV?ti=wa>

